
5245

Custos 19 (7) Oct 1990

## Augrabies

# ‘Plek van die groot geraas’




**LETTERS**
**P.O. Box 787**
**Pretoria**
**0001**
**BRIEWE**
**Posbus 787**
**Pretoria**
**0001**

# Wind-rigting

Ek is in Laerskool Nelspruit se spesiale klas. Ek gaan lekker skool daar.

Ek wil graag vir u iets vra oor voëls wat vlieg. As ’n voël, soos byvoorbeeld ’n tarentaal, wil opvlieg in ’n sterk wind, dan hardloop hy wind op en vlieg op, maar hoe weet hy wanneer hy wil gaan sit van watter kant die wind kom? ’n Vliegtuig moet ook wind-op opstyg en gaan sit, maar die vlieënier kyk na die windkous. Hoe kan die tarentaal, terwyl hy vlieg, vasstel wat is die wind-op-rigting?

*Dirk du Plessis,*
*Klipfontein,*
*Malelane*

*Voëls leef baie na aan hulle omgewing. Wanneer hulle vlieg, kan jy amper sê hulle word deel van die lug om hulle. Hulle voel aan hulle vlerke en aan hulle lyf hoe die wind waai. Die vlieënier van die vliegtuig, daarenteen, is nie deel van die vliegtuig nie, daarom het hy hulpmiddels soos windkouse nodig. Wanneer iemand byvoorbeeld ’n hangvlieër vlieg, maak hy ook baie meer staat op sy gevoel en die beweging van sy rytuig as die vlieënier van ’n groot vliegtuig.*

## THE BLACK RHINO

I stand in silence
Watching the trees, swaying softly in the breeze;
I hear a snort —
I slowly turn around, following the sound.
And apart from the flick of its tail and
shudder of its skin,
I would have missed him.

He inspires me this powerful beast,
So helpless against the greed of man;
And yet in need of him.
Without a warning he begins to move;
Lumbering off to greener pastures.
And so, I vow, will I.

*— Samantha Sharpe,*
*Kloof*

Een van die nasionale parke wat weer eens heel anders is as al die ander, is die Augrabieswaterval Nasionale Park, ver in die noordwestelike Kaap, 112 kilometer wes van Upington. Hoewel hierdie park in ’n baie droë deel van ons land geleë is, is daar iets besonders aan Augrabies wat nie in een van Suid-Afrika se ander nasionale parke gevind kan word nie.

Die landskap is droog en bar en die vreemde kokerbome wat so eie aan so ’n droë landskap is, is die eerste teken van Augrabies se eiesoortigheid. ’n Mens kom gou agter dat dit nie baie dikwels hier reën nie, en op pad na die park is dit moeilik om te glo dat die wêreld se vyfde grootste waterval êrens in hierdie stowwerigheid lê.

Die eerste waarneembare teken van die waterval is die geraas. Die naam Augrabies kom van die Hottentotwoord ‘Aukoerebis’, wat beteken ‘plek van groot geraas’, en ’n mens raak daarvan bewus die oomblik wat jy by die park se hoofgebou uit jou motor klim. Eers wonder jy waar hierdie waterval moontlik kan wees, want alles lyk so plat en droog, maar nadat jy vir ’n entjie die voetpaadjie waterval toe gevolg het, begin die landskap verander. Terwyl jy oor die groot plat plate rots klouter, raak die geluid van die water al hoe harder, totdat jy uiteindelik die manjifieke massas water voor jou sien. Dit stort teen 50 kubieke meter per sekonde in ’n ravyn wat 240 meter diep is en 18 kilometer lank.

As ’n mens na die massiewe Augrabies-ravyn kyk en dan na die landskap om jou, is dit ongelooflik om te dink dat hierdie hele gebied eens op ’n tyd ’n groot plato was. Omtrent 70-miljoen jaar gelede het geologiese kragte die hele subkontinent opgelig, wat veroorsaak het dat die rivier oor die opgeligte kant van die binnelandse plato begin vloei het. Uiteindelik het dit ’n swak plekkie in die rots gevind en het die water van die Oranjerivier hierdie rots stadig begin verweer totdat die ravyn soos hy vandag lyk, uit die landskap gesny is.

In die omgewing van die waterval sien ’n mens van die kleiner diertjies wat in hierdie park voorkom. Die dassie is Augrabies se algemeenste soogdier. Klipspringertjies kan ook dikwels gesien word waar hulle op die yslike rotse staan. Bobbejane en blouapies is ’n bekende gesig in die plantegroei langs die rivier of op die rotsagtige koppies, terwyl steenbokkies ook hier voorkom, hoewel ’n mens hulle nie so dikwels te siene kry nie. Roofdiere soos luiperds, rooikatte en rooijakkalse kan ook gesien word.

Toe die park in Augustus 1966 geproklameer is, is daar besluit om van die diere wat oorspronklik in hierdie gebied voorgekom het, hier te hervestig. Die swartrenoster was een van hierdie spesies. Die deel van die park ten noorde van die Oranjerivier lyk baie soos dele van Damaraland en Kaokoland in Noord-Namibië. Daar kon dus verwag word dat swartrenosters wat daarvandaan afkomstig is baie goed in Augrabies sou aard. In 1985 is ses swartrenosters vanaf die Etosha Nasionale Park in Noord-Namibië na Augrabies gebring. Ongelukkig het een renosterkoei tydens die oorplasing verongeluk toe sy in die ravyn geval het. Die oorblywende renosters het almal name gekry: Blompot, Plooitjies, Stompie, Willeman en Arrie. In Oktober 1987 het Blompot die lewe geskenk aan die eerste kalfie wat in Augrabies gebore is, Blommetjie. Verlede jaar is Blompot se tweede kalfie gebore, wat heel buitengewoon is, aangesien swartrenosters gewoonlik slegs elke drie jaar kalf. Dit is ’n aanduiding dat die renosters by Augrabies floreer.

Weens die warm dae, koue nagte en lae reënval kom daar baie reptiele in hierdie rotsagtige wonderwêreld voor. Dit sluit ’n groot verskeidenheid geitjies, koggelmanders, skinke, akkedisse en slange in. Meer as 120 voëlspesies is al in die park geïdentifiseer, onder hulle drie van die indrukwekkendste arende, naamlik die witkruisarend, die breëkoparend en die visarend. Die plante wat hier voorkom het sekere aanpassingsmeganismes ontwikkel om hulle te help om in so ’n droë gebied te oorleef.

Augrabies is inderdaad ’n park met ’n karakter van sy eie. Of jy hou van ’n rustige stappie na die waterval, ’n rit deur die park of ’n stap deur die bar, verweerde landskap op een van die wandelroetes deur die park, jy sal sekerlik iets kry wat reg in jou kraal is.